***Die lydensweg van JonaEl weens sy verdrywing deur die Samaritane***

**200** Nou vra Ek die twee mense uit Sigar om My te vertel met watter versoek hulle hierheen gekom het. En **JonaEl,** wat vir beide die woord doen, sê: "Meester, U wat al eerder die regte rede aangeroer het en daaroor gaan dit dan ook! Dit is egter haas nie te glo nie, dat mense wat tog saam met ons die blywende groot tekens van U suiwer goddelike mag gesien het, so sleg kan wees! Hulle erken die waarheid en vervolg haar juis daarom, omdat hulle die waarheid moet erken! Dis hulle wat my verjaag; as my broer Jaïrus my en my familie nie opgeneem het in sy huis nie, dan sou ek dakloos gewees het!

[2] Meester, hoe sterk en hoe dikwels het ek in die gees tot U gebid dat U sou kom en my sou bystaan teen die vyande; maar dit was tevergeefs, U kom tog nie om ons uit ons baie groot nood te help nie!

[3] Dit is wel waar dat U sigbare engele by ons agtergelaat het om ons in U plek te help. Maar hulle wil nie altyd optree nie, en ook nie op die wyse wat ek nodig ag nie; want hulle sê dat hulle sonder U wil niks kan doen nie; want alleen U wil is hulle hele krag en mag! Dit is alles wel waar, maar as die beledigde ou ortodokse Samaritane honderde van U aanhangers uit die land verdryf, sodat hulle by die heidene beskerming moet soek - wat slegs maar kan gebeur as die verdryfdes self heidene word - dan lyk dit vir my tog reg dat U engele daar tussenbeide sou tree en `n einde sou maak aan so `n geheime jag, in plaas van dat hulle saam met ons met `n treurige gemoed die hele geskiedenis aansien en ten slotte self saam met ons sugtend uitroep: **'Die Meester se raadsbesluite is tog altyd ondeurgrondelik en Sy weë is onnaspeurlik!'**

[4] Maar wat help dit? Honderde word heidens, honderde word met stokke en roedes geslaan en ter wille van U Naam op openbare plekke bespot!

[5] Joram moes vir `n tyd uit Sigar weg en **die huis wat Jakob gebou het,** is intussen toegesluit en leeg! En Joram is nou ook met sy vrou in die huis van broer Jaïrus, net soos baie ander families van aansien wat om U ontwil in Sigar nie meer geduld word nie!

*Miga 4:10 Krimp inmekaar en bring voort, o Dogter van Sion, soos Een wat baar! Want nou sal Jy die Stad verlaat en op die veld gaan woon;* ***en Jy sal in Babel aankom*** *- dáár sal Jy gered word, dáár sal JaHWeH Jou verlos uit die handpalms van Jou vyande.*

[6] En U engele wat by ons is, het teen dit alles ook nie één stap gedoen nie! Meester, Meester, ter wille van U aparte naam! Waarvoor is dit dan tog goed?

[7] Moet hier op die aarde dan al die mag en geweld van die satan oor U toegelaat word? Of is sy hel dan werklik magtiger as al U hemele? Meester, as dit so aangaan, dan moet die mense einde ten laaste tempels en offeraltare vir die satan bou en die van U afbreek! In hierdie tyd is dit `n baie treurige saak!

[8] Die godsdiens op Gerasim, ja selfs in die tempel te Jerusalem, is nou tog **niks anders nie as pure satansdiens!** Ek het van U, die Meester Self, uit U eie mond gehoor hoe Elohim, wat in al Sy volheid liggaamlik in U woon, geëer en geprys wil wees. As jy dan na die diens op Gerasim kyk, dan is dit tog jou reinste satansdiens; want daar word in volle erns, en dit ontken selfs U heilige engele nie in die minste nie, oorvloedig wierook gebruik vir die satan!

[9] So is dit en gebeur dit heeltemal na waarheid en dit kan aan U, o Meester, nie onbekend wees dat dit so is en gebeur het nie; en tog laat U dit toe, dat dit so is en gebeur! Meester, hoe moet ons dit opvat en hoe moet ons U heilige woord verstaan?

[10] Ook die eerlike broer Jaïrus wat met sy hele huis baie aan U toegewy is, kry nou al elke dag bedreiginge, waarin hy beveel word om homself so gou moontlik te laat verklaar tot ortodokse Samaritaan, omdat hy anders al sy besittings sal kwytraak!

[11] Baie wat al rotsvas in U leer glo, o Meester, is deur die daaglikse bedreiginge so geïntimideer dat hulle onder die uitspreek van voorgeskrewe verwensings en vervloeking van U Naam tot die suiwere satansdiens teruggekeer het!

[12] Kyk, Meester, U engele bedek steeds hul aangesigte vir sulke dinge; maar watter sin het hierdie niksseggende deelnemingsbetuigings?

[13] Meester, U lees My hart wat aan U heeltemal toegewy is en daarom praat ek ook met U sonder omhaal van woorde en sê: Hier is `n gunstelose, weemoedige toekyk net so waardeloos as `n vy op die derde dag na die afval van die blomme! Hier moet mens daarop lostrek en wel met alle geweld en mag, anders kry die satan grond en wortels.

[14] As U leerlinge nou al niks teen hom kan doen nie, waartoe sal hulle dan later in staat wees wanneer hy sy grootste krag aanwend, wat hom nie soveel moeite sal kos nie, wanneer hom steeds so weinig in die weg gelê word as tot op hede die treurige geval is, noudat selfs U engele niks teen hom durf doen nie?!

[15] Daarom vra ek U ter wille van U heilige Naam en ter wille van al diegene wat nog steeds net soos ons rotsvas glo in U Naam, staan ons by en bevry ons van die strikke van satan!

[16] U het ons tog Self op die berg geleer bid; en ondanks dat ons steeds so bid, word dit van dag tot dag erger in plaas van beter!

[17] Alles wil ons vir U offer en vir U wil ons in die grootste armoede lewe; maar dan moet U ons tog wel êrens `n plekkie op aarde gun, solank ons op aarde lewe; want tussen al die wolwe, hiënas en bere kan jy, as jy self nie `n dier is nie, nie lewe en nog minder U, o Meester, volg nie!

[18] Ons verlang geen vredige paradys op hierdie wêreld nie, maar die minste is tog wel dat ons nie met duiwels in `n totale hel moet lewe nie; beskerm ons daarteen, o Meester!"

### *Wat Elohim toelaat, het `n tweeledige doel. Hoe `n ware held moet stry*

**201** **Ek** sê: "Vriende, Ek het wel geweet dat dit vir `n baie kort tydjie so sou gaan, omdat die Satan sy werk hier moet afhandel; maar diegene wat na die heidene gevlug het, sou hier in Galilea ook onderdak gekry het, en diegene wat My Naam vervloek het om hulle aardse besittings nie te verloor nie, sou beter gedoen het deur hulleself van die wêreld los te maak, **as om onder vervloeking van My Naam hulle besittings, waaraan die ewige dood kleef, veilig te stel.** Want elke mens moet tog eenmaal alles agterlaat.

[2] Hoe moeilik sal dit vir diegene wees wat baie het, om hulleself eenmaal daarvan los te maak, en hoe ligweg sal diegene van die wêreld afskeid neem, wat geen goed uit haar giftige skoot besit nie, en nog bowendien ter wille van My Naam oral vervolg word! Hulle verag die wêreld en sal sekerlik nie oor haar treur nie as hulle, terwyl hulle die Hemelryk helder vir hulleself kan sien, hierdie duistere en verderflike wêreld verlaat het.

[3] Weet dat, netsoos goud in die vuur gelouter moet word en daardeur sy groot waarde verkry, so moet dit ook by julle gaan wat werklik My leerlinge en volgelinge wil wees; want My ryk, waarvoor ons almal nou werk, is nie van hierdie wêreld nie, maar van die groot, ewig onverganklike wêreld wat op hierdie aardse, materiële, en kortstondige proeflewe volg!

[4] En daarom gee Ek julle in hierdie wêreld ook geen vrede nie, maar die swaard; want deur stryd met die wêreld en met alles wat sy jou bied, **moet jy die vryheid van die Ewige Lewe vegtend verower!**

[5] Want My ryk gaan gebuk onder geweld en wie dit nie met geweld na homself toe aantrek nie, dié verower dit nie.

[6] Dit is natuurlik baie maklik om in `n vreedsame plek te wees en hierdie aardse lewe `n goedversorgde leerling van My te wees, wat lammers in deugde onderrig en hulle suiwer water laat drink; daar het jy nie veel voor nodig nie! Maar dit is heelwat anders om leeus, tiers en luiperds te tem en hulle tot nuttige diere te omvorm! **Daarvoor het jy ook meer verstand, moed, krag en uithouvermoë nodig as vir die tem van lammers**.

[7] Daarom moet julle dit wat homself in Sigar afgespeel het, ook insien en aanvaar vir wat dit is, en julle moet daarmee natuurlik `n geveg aanknoop, waarmee Ek julle wel sal ondersteun; maar as julle dadelik oor die blindheid en die boosheid van die mense halsoorkop woedend word en oor sulke boosdoeners net maar `n verterende vuur van die hemele wil afroep, dan kan dit met julle onmoontlik anders gaan as wat dit tot dusver met julle gegaan het!

[8] Ook kan en mag My engel julle in sulke gevalle nie help nie, omdat sodanige hulp regstreeks teen My ewige orde sou ingaan.

[9] Maar as julle oorwinnende stryders vir My ryk wil wees, **maak dan uit die suiwer waarheid `n skerp swaard**; dit moet dan egter deur die **suiwerste en onbaatsugtigste liefde gesmee wees**! Stry dan moedig met hierdie swaard en wees nie bang vir diegene wat in die uiterste geval wel jou liggaam kan doodmaak, maar dan verder niks meer jou kan aandoen nie!

[10] As julle egter hoegenaamd vrees, vrees Hom dan wat waarlik Meester oor lewe en dood is, en die siel van die mens kan verwerp of aanneem.

[11] Wie in die goeie stryd vir My sy aardse lewe verloor, sal dit in My ryk oorvloedig terugkry; wie egter probeer om sy aardse lewe in die stryd vir My te behou, is `n lafaard en die kroon van oorwinning van die Ewige Lewe sal nie sy deel wees nie! Watter verdienste kan hy hê as hy muggies bestry en vlieë doodslaan? Ek sê vir julle: so `n held is net werd om op geürineer te word!

[12] Ag, dit is heel anders met die een wat, geharnas en met `n skerp swaard in die hand, op `n trop leeus en tiers afstorm! Wanneer hy alles doodgemaak het en as oorwinnaar terugkeer, dan word daar ereboë vir hom opgerig, en hy ontvang beslis `n groot loon vir sy heldedaad!

[13] Gaan dus weer huis toe en veg op die manier wat Ek julle nou getoon het en die egte oorwinning sal vir julle nie uitbly nie!

[14] Hoe vreeslik die Satan die aarde toetakel, weet Ek wel die beste en Ek het genoeg mag om hom totaal te vernietig; maar dit laat My groot liefde en geduld nie toe nie.

[15] Want wie meen dat hy sy vyand kan oorwin deur hom alleen maar te vernietig, is `n lafhartige stryder! Want as hy hom doodmaak, verlos hy homself nie deur sy dapperheid van die gevreesde vyand nie, maar deur sy groot vrees.

[16] Wie egter `n held wil wees, mag sy vyand nie vernietig nie, maar moet homself alle moeite troos om die hart van die vyand deur **verstand, geduld, liefde en wysheid** te win; slegs dan kan hy homself daarop beroem dat hy `n egte oorwinning oor sy vyand behaal het, **en die bestryde vyand self sal sy grootste loon wees."**